


2020 IMPAKVERSLAG

“Hoe kan ons na behore aan ons God die dank bring vir al die blydskap wat ons voor Hom oor julle het?”

1 Tessalonisense 3:9

Verteenwoordigende foto gebruik.

Vervolg  Maar nooit alleen.

**SIEN HOE JOU GEBEDE EN GESKENKE VERVOLGDE
CHRISTENE IN 2020 BEMOEDIG HET!**


Teenwoordigheidsbediening

DEUR JOU ONDER- STEUNING KAN ONS OOR DIE LANG TERMYN TEENWOORDIG WEES

In talle van die geslote lande waar Christene vir hul geloof vervolgd word, is samesyn baie belangrik vir oorlewing omdat mense afhanklik is van mekaar vir hulpbronne in hierdie gemeenskappe.

Om teenwoordig in baie van hierdie vervolgde Christene se lewens te wees, is 'n langtermynverbintenis omdat hulle hul lewens van niks af moet herbou, en hulle in sommige plekke uitgerekte hofsake moet beveg. Dit kan baie ontmoedigend wees om dit alleen te moet deurmaak.

Geopende Deure is die afgelope drie jaar in staat om 'n groep Christen-families in Mexiko by te staan nadat hulle weens hul geloof vanuit hulle etniese gemeenskappe verjaag is. "Geopende Deure is 'n seën vir ons sedert ons drie jaar gelede verdryf is. Ons seën julle vir jul ondersteuning aan ons," het een van die families gesê.



*Weens die Covid-19-pandemie was ons Teenwoordigheidsbediening in sommige streke beperk.



“Die besoeke wat ons van ons broers en susters ontvang het, bemoedig ons om sonder huiwering in ons geloof vas te staan.” – ‘n Familie in Mexiko wat deur hulle gemeenskap verdryf is

Voorspraak

JOU VOORSpraak HET GEHELP DAT REGVERDIG- HEID SEËVIER



“Ek dank Geopende Deure dat hulle by ons gestaan het en ons in die hof gehelp het.”
– Leah, Kenia

In baie lande word gelowiges deur die regering en hul gemeenskappe vervolgd – maar jy help om veldtogte te genereer wat bydra om geloofsverdrinking en verwante misdade aan die lig te bring.

Jy bepleit ook gelowiges soos Leah* en Hubba* se sake, wat dringende regsbystand nodig gehad het om hul vryheid en godsdiens te verdedig.

Leah woon saam met haar bejaarde man en ses kinders in landelike, noordelike Kenia. Haar familie is die enigste Christene in hul omgewing.

Verlede jaar is Leah se tienerdogter, Hubba, tydens 'n belangrike Moslem-viering verkrag. Ná die tyd wou die oudstes van die gemeenskap hê Hubba moes met haar oortreder trou, maar Leah het geweier.

Te danke aan jou ondersteuning is die saak aan die polisie gerapporteer en die skuldige is gearresteer. Hy wag nou vir sy verhoor. Geopende Deure kon hulle bestaan met regshulp en ook vir Hubba, wat steeds besig is om te herstel, ondersteun.

*Naam weens sekuriteitsredes verander.

86 201

Christene is bygestaan met regshulp en voorspraak in 2020

Bybel- en Christelike literatuurverspreiding

JY HET GELOWIGES GEHELP OM TOEGANG TOT GOD SE WOORD TE KRY


Baie gelowiges moet versigtig wees wanneer hulle hul Bybels lees, terwyl ander weer ongeletterd is en om dié rede nie die Bybel kan lees nie.

In plekke soos Indië help digitale Bybels gelowiges in van die mees afgeleë dorpie om toegang tot God se Woord te kry, en dit het vir baie van hulle 'n groot bron van bemoediging geword. "Hierdie digitale Bybels bemoedig gelowiges om vas in hul geloof te staan omdat daar verskeie interessante video's en getuienisse daarop is," het Kadam*, 'n kerkleier in Indië, gedeel.

Danksy jou ondersteuning, selfs te midde van die inperkings, kon gelowiges veilige toegang tot God se Woord kry deur digitale Bybels. Dié wat ongeletterd is, kon na die Woord luister en daardeur in hul geloof versterk word!

*Naam weens sekuriteitsredes verander.

"Ek is so bly om hierdie digitale Bybel te ontvang. Ek is regtig hierdeur geseën omdat ek nie behoorlik kan lees nie... ek kan maklik na die Woord van God luister wanneer ek ook al wil, ongeag waar ek is."
– Deepa*, Indië



- 74,7% ASIË
- 12,6% MIDDE-OOSTE & NOORD-AFRIKA
- 12% AFRIKA
- 0,7% LATYNS-AMERIKA

DANKSY JOU GESKENKE KAN DISSIPELSKAP-OPLEIDING VOORTGAAN

Jou geskenke het verseker dat dissipelskap-opleiding in Noord-Afrika nie net kon voortgaan nie, maar floreer te midde van Covid-19-verwante reisbeperkings. Kabil was gewoon daaraan om regoor Noord-Afrika te reis, maar moes noodgedwonge met aanlynopleiding begin.*

"Dit lyk of alles gestop het. Maar ons verhoudings het verdiep," sê Kabil.

Selfs al het die pandemie vinnige, onverwagte veranderinge meegebring, het die opleiding wat Kabil aan dissipelskapsleiers gee nie gestop nie.

Kabil is nie ontmoedig nie: "Dit is 'n seën en 'n geleentheid om die gemeenskap te versterk, en die kursusse en samesyn ten volle te benut. Soos die Woord van God sê: 'Alles werk ten goede mee vir die wat die Here liefhet.'"

*Naam weens sekuriteitsredes verander.



- 72% MIDDE-OOSTE & NOORD-AFRIKA
- 17% AFRIKA
- 10,5% ASIË
- 0,5% LATYNS-AMERIKA



"As hierdie opleiding nie bestaan het nie, sal die Kerk mettertyd nie meer bestaan nie." – Kabil, Noord-Afrika

JOU ONDERSTEUNING HET VERSEKER DAT GELOWIGES KAN OORLEEF


Verlede jaar het die Covid-19-pandemie 'n ekstra laag diskriminasie en vervolging teenoor Christene tot gevolg gehad.

In sommige plekke is Christene noodleniging geweier, terwyl Christen-gesondheidswerkers op ander plekke beskermende kleredrag geweier is. Deur jou gebede en ondersteuning, was Geopende Deure in staat om hierdie Christene by te staan deur 'n Covid-19-noodlenigingsfonds te begin.

Op 'n tyd toe talle mense gesukkel het om te oorleef, het 'n plaaslike Christen aan een van ons vennote vertel van 'n vrou wat gehuil het omdat sy geen kos gehad het vir haar kinders nie. "Op daardie oomblik het die plaaslike Christen die klokkie gelui om 'n kospakkie af te lewer. Die vrou was so dankbaar!" deel Steve, 'n plaaslike vennoot in die Midde-Ooste.

Te danke aan jou ondersteuning kon gelowiges die pandemie oorleef. Hulle dank die Here vir jou vrygewige hart!

*Naam weens sekuriteitsredes verander.



- 39,2% ASIË
- 33,9% MIDDE-OOSTE & NOORD-AFRIKA
- 26,3% AFRIKA
- 0,6% LATYNS-AMERIKA



"Op daardie oomblik het die plaaslike Christen die klokkie gelui om 'n kospakkie af te lewer. Die vrou was so dankbaar!" deel Steve, 'n plaaslike vennoot in die Midde-Ooste.

VAN JAN AAN JOU

Beste vriend

As ons terugkyk op die afgelope jaar, kan niemand ontken dat 2020 vanweë die Covid-19-pandemie een van die moeilikste jare was nie – nie net vir die vervolgte Kerk nie, maar ook vir die wêreldwye Liggaam van Christus.

Duisende mense is deur die pandemie beïnvloed. Sommige het hul lewensbestaan verloor, terwyl ander hulle geliefdes of hul eie lewens verloor het. Baie mense steier steeds weens die pandemie en die invloed daarvan op hul lewens.

Baie gelowiges in geslote lande het geen manier om te oorleef of na hul families om te sien nie. En om dinge erger te maak, is hulle oorgesien deur die regering toe noodleniging uitgedeel is, wat die reeds bestaande vervolging tot 'n hoër vlak verhef het.

Gelukkig het jou liefde en ondersteuning in 'n tyd van isolasie en inperkings gehelp om daardie gelowiges te herinner dat hulle nooit alleen is nie. Dit het ook gehelp om hulle te versterk om sout en lig in hul lande te wees en 'n jaar wat vir ons almal rof was, te oorleef.

Uit die diepte van my hart, dankie vir jou ruimhartigheid om deur jou gebede en geskenke in eenheid by ons vervolgte familie in Christus te staan. Jou liefde en omgee wys aan hulle dat alhoewel hulle vervolgt word, hulle goed beveilig word deur God en die wêreldwye Ligaam van Christus.

Saam in Sy diens



Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



Covid-19-verligting

TE MIDDE VAN VERVOLGING EN DIE PANDEMIE HET JY HOOP GEBRING

Die Covid-19-pandemie het die kwesbaarste mense die hardste getref. Dit het die vervolging wat Christene regoor die wêreld verduur, verskerp.

Te danke aan jou ruimhartige ondersteuning, ten spyte van jou eie unieke uitdagings, kon gelowiges lewensnoodsaaklike hulp ontvang toe hulle dit die meeste benodig het. Jou ruimhartigheid het die Kerk aan die lewe gehou. Dankie!

Jou ondersteuning het meer as **500 000** vervolgte Christene verlede jaar gehelp om die pandemie te oorleef.

“Wat ons verlede jaar vermag het, is onmoontlik. God het deure wonderbaarlik oopgemaak en het jou gebruik om die onmoontlike te doen.”
– Geopende Deure-veldwerker, Asië.

Verteenwoordigende foto gebruik.

